

24 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 5:18-26

Fokusgedeelte: Matteus 5:24

Josef glo wat in 'n droom aan hom geopenbaar is

Terwyl Josef aan Maria verloof was, het hy agtergekom dat sy swanger is. Dit was voordat hulle saamgekom het. Hy kon net een afleiding maak en dit was dat sy aan hom ontrou was. Hy het natuurlik niks van die werking van die Heilige Gees geweet nie. Die swangerskap het hom geweldig ontstel. Die weg wat hulle in daardie dae kon volg, was om die saak by die Joodse owerheid aan te meld en sy kon gestenig word (vgl. Deut. 23-24). Verder kon die verlowingsband alleen deur egskeiding verbreek word, maar Josef het beplan om in die geheim van haar te skei.

Terwyl Josef dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en aan hom gesê: "Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar gewek is, kom van die Heilige Gees." Josef was 'n man wat aan die wet getrou was, maar hy was ook 'n man vol geloof. Daarom wou hy ook luister na wat die engel aan hom gesê het.

Josef, 'n seun van Dawid, moes die vrou nie verstoot nie, maar die vrou en die kind aanneem. Hierdie aanneming was 'n bevel van God Self. Maria was sekerlik ook uit die geslag van Abraham en waarskynlik ook van Dawid. Tog was Josef die hoof van die gesin.

God het sy Seun in die hande van mense geplaas. Vandag het God sy evangelie ook in die hande van swakke mense geplaas en hulle word geroep om sy evangelie van genade aan ander mense te verkondig. Josef moes ook aan die kind 'n naam gee: "jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."

En toe Josef uit sy slaap wakker word, het hy gedoen soos die engel hom beveel het.

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2

Prof. FN Lion-Cachet (Emeritus)